

## DIE SKOOLTUINKOMPETISIE

**D**IE jaarlikse kompetisie om die mooiste laerskooltuin wat in 1955 ingestel is en wat alreeds 'n instelling geword het, het vanjaar weer heelwat belangstelling gewek. Die beoordeling het plaasgevind op Donderdag en Vrydag, 7 en 8 November 1957 en die keurkomitee het bestaan uit mev. D. Peart, mnr. R. Heeg, inspekteur Hopkins en mnr. S. F. Naude. Aan hulle betuig die bestuur van die Genootskap sy oopregte dank.

Daar het vanjaar oorspronklik agtien skole vir die kompetisie ingeskryf maar drie het hulle weer ontrek om verskillende redes, sodat tenslotte vyftien meegeding het. Pretoria Tuine Laerskool het weereens die eerste prys en daarmee die gesogte skild verower, terwyl die tweede en derde prys na Danville- en Pierneefskool respektiewelik gegaan het.

Die oorhandiging van die skild en ander prysse is vanjaar waargeneem deur mev. dr. Wm. Nicol op 27 November 1957 tydens 'n pragtige funksie op die terrein van die skool wat eerste gekom het.

Oor die algemeen was die standaard van die betrokke tuine hoër as die vorige jaar soos ook uit die punte blyk. Hieronder volg weer die puntestaat waarvolgens die beoordeling plaasgevind het met enkele opmerkings van een of meer van die beoordelaars.

F. J. DU T. SPIES.

---

## ELKE TUIN IS 'N VOORTSETTING VAN DIE SKEPPINGSPLAN

### DIE HOOF VAN PRETORIA TUINE LAERSKOOL — DIE LAERSKOOL MET DIE MOOISTE SKOOLTUIN IN PRETORIA — AAN DIE WORD.

**B**Y ons ter perse gaan verneem ons dat Pretoria Tuine Laerskool vir die tweede agtereenvolgende jaar die wenner is van die skild wat jaarliks deur die Genootskap Oud-Pretoria vir die mooiste skooltuin in Pretoria uitgeloof word. Pretoria Tuine Laerskool word hiermee hartlik gelukgewens met hulle pragtige prestasie.

Op versoek van die Redakteur van „Pretorian“ het die Hoof van die skool onlangs ingewillig om aan ons lezers te vertel hoe die personeel en leerlinge te werk gegaan het om verlede jaar die skild te verower:—

„Elke tuin is 'n voortsetting van die skeppingsplan. Die skeppende vermoeë van die mens soek steeds na bevrediging en uitlewing. In die woelige wêreld van vandag is daar min tyd vir verdieping en skeppende werk. Daarom is die behoefte aan sulke werk groter. En daarom voel ons verheug dat die Genootskap Oud-Pretoria die onderneming van skooltuine aanmoedig.“

# GENOOTSKAP UD-PRETORIA

PUNTE VIR DIE SKOOLTUINEKOMPETISIE OP DIE VOLGENDE BASIS TOEGEKEN:—

Naam van Skool.	Uitleg en Ontwerp 25	Voorkoms vanaf Straat 15	Inheemse plantegroei en bome 15	Kleur en effek 15	Rose 10	Ver-planting 10	Netheid 5	Vry van peste en onkruid 5	Totaal Punte 100	Opmerkings
Pretoria Tuine . . .	22½	12	12	13½	8½	½	5	5	87	Goeie beplanning oor groot terrein. Kleurvloorkoms baie mooi. Inheemse aanplanting aan die gang.
Danvilleskool . . .	21½	13½	12	12½	7½	½	4½	4	84½	Algemene voorkoms en kleurskema van perke besonder mooi.
Pierneefskool . . .	21½	12½	5½	9	7	½	4½	4½	73½	Uitmuntende samewerking tussen leerlinge en personeel.
Danie Malanskool . . .	19	7	10	10	8½	½	4	4½	71½	Inheemse plantegroei geniet aandag. Hoof en leerlinge wy aandag aan gehele opset.
Gezinaskool . . .	17½	11	5½	8½	8½	½	4	4½	67½	Samewerking van hoof en leerlinge beloof veel vir voorgenome aanplanting. Voorkoms aantreklik.
Genl. Andries Brinkskool	15	12	5	12	7½	½	4	4	66½	Aanleg goed maar klein. Min inheemse aanplanting. Mooi vooraansig.
Rachel de Beerskool . .	16	11	9½	5	7½	½	4	4½	65	Mooi samewerking beloof mooi resultate.
Nu-Muckleneukskool . .	20	5	12	7½	—	½	4	4	61	Sportvelde mooi. Inheemse bome versorg. Struiken verkeerd geplaas.
Die Heuwelskool . . .	14	6	13½	8	—	½	3	4	54½	Moeilike terrein maar oorspronklike inheemse bome versorg. Grond skraal.
Brooklyn School . . .	12½	7	6	10	5	½	3	4½	53½	In process of reconstruction.
Simon Bekkerskool . . .	10	7½	11	4	4	½	3	3	48½	Tuin kan meer aandag geniet.
Capital Park School . .	10	8	5½	7½	—	½	4	4	47	Old fashioned outlay.
Totiusdalskool . . .	12	8	—	5	5	½	3½	4	44½	Aandag word bestee aan moeilike terrein.
Oost-Eindskool . . .	6	8	—	5	—	½	3	4	32½	Terrein oninteressant.
Arcadia School . . .	2	3	—	—	—	—	—	—	5	In process of reconstruction.

„Niemand sal nou skielik 'n skooltuin gaan aanlê omdat daar 'n kompetisie gehou word nie, maar mense sal meer bewus word van 'n mooi skooltuin en die opvoedkundige waarde daarvan.

„By baie van ons openbare geboue is daar netjiese tuine wat van staatsweë aangelê en versorg word, en dit is baie goed, want dit is verheffend vir 'n gemeenskap om in 'n mooi omgewing te woon. By ons skole is die mooi omgewing nog meer nodig om die kind wat ontvanklik is, te beïnvloed. Hopelik sal daar mettertyd van owerheidswé meer fondse beskikbaar gestel word vir die instandhouding van skooltuine.

„By ons skool is ons baie dank verskuldig aan ons ouers wat kon help om ons skooltuin aan te lê. Hulle het self aan die pik en die graaf gespring. Die dames het gereeld verversings bedien en sodoende het daar deuren tyd 'n gesellige gees te midde van die werk geheers. Die ouers het ook gehelp om miershooip vir ons korfbalvelde aan te ry.

„Ons leerlinge het die grasperke aangelê, wat in elke opsig 'n groot werk was. Hulle help nog steeds met die skoonhou daarvan en wat veral opmerklik is, is die trots waarmee dit alles gedoen word. Dit is dan ook ons vernaamste oogmerk dat ons kinders trots op hulle handewerk sal wees, en dat dit verder ook een van die middels sal wees waardeur hulle verantwoordelikhedsin ontwikkel sal word — iets wat baie nodig is in ons tydsgewrig.

„Ons was so gelukkig om na bietjie meer as 'n jaar nadat die skooltuin aangelê is, die tweede prys te verower en die jaar daarna, d.w.s. verlede jaar (1956), die eerste prys. (En vanjaar het Pretoria Tuine Laerskool daarin geslaag om weereens die wenners van die skild en 'n ruim kontantprys te wees—Red.) Hoewel daar geen sprake van 'n kompetisie was toe die tuin aangelê is nie, het die kompetisie tog later 'n stimulerende uitwerking op ons personeel en leerlinge gehad.

„Die tuin bestaan uit grasperke, bome, 'n struiketuyn, 'n roostuin en 'n paar rotstuine. Ons het probeer om die afdelings so natuurlik moontlik in te pas en om voldoende speeleplek en skaduwee aan die kinders te voorsien.

„Daar was oorspronklik slegs een doringboom op die skoolterrein en dié het ons sorgvuldig beskerm, skeongemaak en getroetel.

„Ons het verder veral ons eie inheemse bome aangeplant en probeer om die ander bome en struiken daarby te laat aansluit. Die blombeddinkies dien slegs as omrandings vir sommige van die grasperke en beslaan nie 'n groot oppervlakte nie.

„Ons wil die Genootskap Oud-Pretoria loof vir die oorspronklikheid en inisiatief wat hulle aan die dag gelê het om deur middel van die jaarlikse skooltuinwedstryde die ontwikkeling en versorging van ons stad se skoutuine aan te moedig. Die belangstelling wat hulle in ons skooltuine openbaar verdien ons dank.

„Aanvanklik het ons getwyfel of ons skool vir die kompetisie moes inskryf, omdat ons bang was dat 'n verkeerde motief aan ons toegedig kon word. Maar nou voel ons oortuig dat ons skooltuin tog nie so mooi sou

gewees het nie, as daardie bietjie gesonde wedywering nie bygekom het nie.

„Tenslotte wil ons dan ook namens ons skool en ons stad ons opregte dank uitspreek teenoor die Bestuur van die Genootskap Oud-Pretoria vir hulle aandeel in die organisering van die jaarlikse skooltuinwedstryde. Op die lang duur gaan hierdie skooltuinwedstryde 'n vèerreikende invloed uit-oefen, nie alleen op die personeel en leerlinge van elke Pretoriase skool nie, maar ook op die gemeenskap waaruit die skool gevoed word en waarvan die plaaslike skool 'n integrerende deel vorm.

J. M. STEYN, Hoof, Pretoria Tuine Laerskool.

---

## DIE PRETORIA-TUINE LAERSKOOL NEEM WISSELSKILD VIR TWEDE KEER IN ONTVANGS

**D**IE laerskool Pretoria-Tuine het vanjaar die tweede agtereenvolgende jaar die skild van die Genootskap Oud-Pretoria verower vir die beste skooltuin.

Die meerderheid van die 700 leerlinge onder leiding van mnr. P. Rautenbach, is behulpsaam met die uitleg en onderhoud van die tuin. Tweede in die wedstryd waaraan 18 skole deelgeneem het, was Danville-skool, terwyl Pierneefskool die derde prys verower het. Vanjaar het daar vir die eerste keer drie Engelse skole deelgeneem.

„Ek hoop elkeen van die kinders in die skool het al die kans gehad om boom te klim.”

As 'n kind kaalvoel boomklim en hy het sy twee hande om te gebruik, sal hy nie val nie.”

It was gistermiddag die raad van mev. Lena Nicol, eggenote van die Administrateur van Transvaal, aan die aanwesiges toe sy die skild aan die voorsitter van die skoolkommissie van die Tuineskool, mnr. J. H. Schoeman, oorhandig het.

Mev. Nicol het gesê dat sy al baie gewens het dat kindertjies wat soms uit 'n woonstel moet gaan om te gaan speel, koeltebome gehad het waaronder hulle kon gaan sit, eerder as om op 'n harde cementpaadjie in die son te moet gaan speel.

Sy het egter ook daarop gewys dat hoewel die tyd vinnig nader kom dat meeste mense nie meer hul eie tuine kan hé nie, elke mens, al woon hy in 'n enkele kamertjie met een klein venstertjie, nog die geleenthed het om potplante te kweek en so vir homself iets skoons te skep.

Sy het die hoop uitgespreek dat al die laerskole in die stad eindelik sal deelneem aan die skooltuinwedstryd. Die gaste, onder wie die burgeemeestersvrou van Pretoria, hoofde en onderhoofde van mededingende



skole, lede van die skoolraad en skoolkomitee was, is deur die skoolhoof, mnr. J. Steyn, verwelkom, terwyl mnr. P. W. Bosch as seremoniemeester opgetree het.

'n Aantal leerlinge het 'n kort program aangebied waarna dr. W. Punt, voorsitter van die Genootskap Oud-Pretoria, die gaste toegespreek het. Hy het daarop gewys dat varings en vakkore wat eers oral langs die Apiesrivier gestaan het, nou heeltemal verdwyn het en het aan die burgemeester voorgestel dat hierdie plante in plekke soos die Fonteinedal in ere herstel word.

Mnr. A. I. Nieuwoudt het namens die skoolraad die Genootskap en skool gelukgewens met die prestasie.

Die gaste is na afloop van die geleentheid op verversings vergas in twee aaneensluitende klaskamers wat mooi met plante versier was.

„In die dae van ouds was Pretoria bekend as die stad van rose. Vandaag is daardie naam vervang deur die benaming: stad van Jakarandas. Maar in albei gevalle word Pretoria so verwantskap met die natuur beklemtoon,” het die burgemeester van Pretoria, mnr. B. M. van Tonder, gistermiddag gesê.



*Die Genootskap Oud-Pretoria se Wisselskild vir Laerskole. Gedurende 1955 het die Genootskap Oud-Pretoria besluit om 'n jaarlike Wisselskild uit te loof aan die Pretoriase Laerskool met die mooiste skooltuin.*

*Die Wisselskild sou tewens ook dien as een van die Genootskap se blywende bydrae tot die Eeu fees van Pretoria.*

*Die belangrikste oogmerk met die jaarlike Skooltuinwedstryd is om die aankweek van en liefde vir plantegroei inheems aan Pretoria en omgewing aan te moedig.*

*Aan die aanplanting van blomme en plante wat vroeër verteenwoordigend van Pretoria was — soos die outydse rankroos uit die dae toe Pretoria as die „Stad van Rose bekend gestaan het — sal spesiale aandag bestee word by die jaarlike beoordeling van die skooltuine.*

*Die sierlike skild van witstinkhout met 'n pragtige relief in silwer waarop verskillende inheemse plante- en blomsoorte afgebeeld is, vertoon in die buitenste sirkel rankrose. Die ander inheemse plante wat op die skild aangevoer word is die volgende: Bo in die middel is 'n roos (nr. 1); dan volg kloksgewys: 2, *Canqueria infausta* (*Mispel*); 3, *Chrysophyllum magaliesmontanum* (*Starmvrug*); 4, *Protea Caffra* (*Transvaalse Suikerbos*); 5, *Appelliefie*; 6, *Zanthedischia Aethiopica* (*Varklelie/Varing*); 7, *Nastergal*; 8, *Dombeya Rotundifolio* (*Wilde peer*); 9, *Ximenia Caffra* (*Suurpruim*); 10, *Mumusops Zeyheri* (*Moepel*); 11, *Parinari Capense* (*Sandappel of Grysappel*).*

Die publikasie van hierdie foto word moontlik gemaak deur 'n skenking van De Bruyn se Skoenwinkel, hoek van Kerk- en Sentraalstraat, Pretoria.

Hy het ook gepraat by geleentheid van die toekekening van die eerste prys aan die laerskool Pretoria-Tuine vir die beste skooltuin.

Mnr. Van Tonder het gesê dat hierdie verband tussen die stad en die natuur sedert Pretoria se stigtingsjare bestaan. Een van die belangrikste redes waarom die stad juis hier gestig is, was die digbeboste Fonteinedal en die standhoudende water uit die twee fonteine in daardie gebied.

Die Genootskap Oud-Pretoria wat die pryse toeken, probeer om hierdie verband te verstewig en organiseer elke jaar 'n wedstryd vir die beste skooltuin, het die burgemeester gesê.

*Die Transvale, 28-11-57.*

---

## FROM THE SLUMS OF BANTULE TO SAULSVILLE

*Die Departement van Naturelle Sake het toegestem tot die hervestiging van die inwoners van Bantule. 'n Skema vir die oprigting van 500 wonings in Atteridgeville is reeds deur die Minister goedgekeur en die verwagting is dat die eerste 100 wonings gedurende Januarie 1958 gereed sal wees.*

*Hierdie inligting is op 'n vergadering van die komitee vir nie-blankesake van die Pretoriase stadsraad bekend gemaak.*

*So gou doenlik na die ontruiming van die lokasie sal die Minister van Naturellesake gevra word om Bantule as 'n woningsgebied vir naturelle te deproklameer. Die komitee het besluit om 'n onderkomitee aan te stel om die saak verder te ondersoek.—, „Die Transvaler,” 20/11/57.*

THE morning of August the 24th broke over the heights of Daspoort in damp and drizzle and with the threat of more rain to come. But even the unseasonable weather could not damp the enthusiasm of a score or so of Bantu families who had risen at dawn to be ready for their long-awaited removal from tumbledown tin shacks in the notorious Hove's Ground slum in the upper part of the Bantule location to their new homes in the Saulsville extension of Atteridgeville, the model municipal Native Township about ten or twelve miles west of Pretoria.

Apart from Marabastad, which was set aside as a Native location in the republican period, Bantule is the oldest and smallest of Pretoria's municipal locations. In the early days of Pretoria, it appears to have been the custom for European farmers visiting the capital for business purposes or "nagmaal" services to send their Bantu servants to find temporary accommodation with Chief Maraba's people well beyond the outskirts of the tiny town centred on Church Square. Not long before the South African War, Marabastad, on the east side of the Skinner Spruit

which flows into the Apies River near this point, was proclaimed as a location. But it was very small and overflow of squatters from its population soon moved to the west side of the river and railway line, on to what became known as "Hove's Ground" (the name is believed to be a corrupt form of the surname of a former Dutch resident in the area) and began building houses or rather hovels on the slopes of the Daspoort range.

This "black spot," for such it seems to have been, became the nucleus of the later Bantule Location, which eventually came under municipal control. But the original residents were allowed to remain in their inadequate and insanitary "houses" even after the local authority had erected many new houses under a sub-economic scheme. However, with the steady expansion of Pretoria, it soon became evident that both Marabastad and Bantule must be moved. The first step in this direction was taken in 1937, when the late Mr. P. Grobler, then Minister of Native Affairs, approved of the proposal to remove the inhabitants of Marabastad to the new sub-economic Bantu housing scheme at Atteridgeville, about ten miles further west, where the Council proposed to build 3,000 houses at a total cost of £750,000. But the war intervened to prevent the scheme being completely implemented, and Marabastad lingered on till late in 1953. Nevertheless, the people who moved to Atteridgeville soon experienced the benefit of the change, for since 1939 this has been a Bantu garden city in the making, and life there is characterised by an orderly pattern, clean and tidy streets and houses, excellent educational, health and social services and a low incidence of crime. There is no reason why the same conditions should not prevail at the adjoining Saulsville site and service settlement to which the unfortunate inhabitants of the ghastly Hove's Ground hovels are about to be removed, to their own obvious delight.

Bantule is the oldest and smallest of the three existing Pretoria municipal locations and as it is badly sited in relation to the needs of the future, as envisaged in the regional planning scheme approved by the Minister of Native Affairs at the end of 1952, it is scheduled ultimately for complete removal. In terms of that scheme, all the Bantu inhabitants of the western part of Pretoria were ultimately to be housed in the proclaimed residential area of Atteridgeville with Saulsville, beginning, of course, with the unauthorized squatters who could show that they were legitimately employed in Pretoria.

A survey made two or three years ago for the purpose of applying the provisions of the Group Areas Act to Pretoria, showed that there were about 9,000 Natives resident in Bantule at that time and all parties concerned are stated to be in agreement about the need for the total removal of this township before it degenerates into a still worse slum than the bulk of it is at present . . . How bad the position was there as regards

squatting and overcrowding is shown by the fact that the municipality could only account in its records for 6,714 of these people living in 305 municipal and 150 Native-owned houses, built or acquired under its sub-economic scheme. The rest were illegal lodgers or squatters in tin shacks and shanties on the notorious hill slope usually referred to as Hove's Ground.

At that period (early in 1954), Atteridgeville only had about 10,000 Bantu inhabitants housed in 1,532 sub-economic houses let at an average inclusive rent of £1. 8s. per month, on which the Government and the Municipality were jointly losing £50,000 a year. But in accordance with Government policy this has now been changed into an economic scheme as far as Atteridgeville itself is concerned, where about 2,900 stands were still available at the time the switch took place. Saulsville, which has 3,000 stands, was selected for a site and service scheme, and £112,360 set aside from the Levy Fund for this purpose up to 31st March 1954.

The Group Areas proposals were that the available residential areas at Atteridgeville and Saulsville should be fully developed to provide for a maximum Bantu population of 40,000, thus making the construction of a railway connection with the rest of Pretoria an economic proposition. The building of the new line to Atteridgeville is now well advanced and it should be open for traffic early next year. The future of Bantule and other western slum areas scheduled for removal has not been finally decided, but in all probability they will become industrial rather than residential areas.

Under the new deal envisaged by the City Council of Pretoria, which has already spent more than £1,000,000 on its Bantu housing schemes and ultimately expects to spend about £3,000,000, Atteridgeville, "a garden village comprising about 1,600 houses," is to be the centre of a huge housing project with more than 7,000 building plots to serve the west side of the city.

This then was the better future to which William Senzane of Hove's Ground was able to look forward when notified that he and his family was among those lucky enough to be removed to Saulsville in the near future. When we interviewed and photographed him on the morning of the removal, his household goods, including furniture of a quality much superior to the sorry shack from which they were being carried, were just being loaded on to one of the big municipal lorries assigned to the task. Unfortunately, a sudden downpour of rain interrupted the interview at this stage. But a week or two afterwards we visited William at his new home in Saulsville and found him delighted with the improvement in living conditions for himself and his family, which had resulted from their removal from the Bantule slums to the healthy and pleasant surroundings now enjoyed by themselves and their neighbours, within relatively easy reach of his place of work in Pretoria.

(*Reprint of article in Bantoe/Bantu, No. 11, November, 1957*).